Heilbron Herald

*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*

WEEK 24 Deel 110
VRYDAG - 21 JUNIE 2019

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Nou heeltyd strooptyd

Die onlangse koue en ryp het boere nou behoorlik in rat vir strooptyd. Sojabone is en moes lankal reeds af en word nou versprei na verwerkingsindustrieë, terwyl mielies en laat sonneblom nou deurentyd van die graanprodusent se land na die onderskeie silo's vervoer word. Heilbron silo's aanvaar geel- en witmielies tot op 'n maksimum van 18% vogpersentasie en sonneblom tot op 11%. Daar word geen drogingskostes tot op 18% gehef nie. Hoogte silo's aanvaar geelmielies tot op 18% vogpersentasie en hef ook geen drogingskostes tot op 18% nie. Gottenburg silo's verkies om nie nat mielies te ontvang nie. Frankfort en Petrus Steyn silo's hef drogingskostes vanaf 14.1% op mielies, 13.1% op soja's en 11.1% op sonneblom. Frankfort silo's aanvaar wit- en geelmielies met maksimum van 18% vogpersentasie waar Petrus Steyn silo's geelmielies met 18% aanvaar en witmielies tot op 14%. Hulle aanvaar nog nie nat witmielies nie. Sonneblom se maksimum vogpersentasie word tot op 15% aanvaar. Daar is nog genoeg opbergingspasie in die verskillende silo's in die omgewing beskikbaar.



# Ngwathe elektrisiteitsmeters en Cigicell

Ngwathe Munisipaliteit en Cigicell het vroeër vanjaar 'n ooreenkoms gesluit waarkragtens Cigicell die munisipaliteit se verkope van voorafbetaalde krag sal hanteer en ook verouderde en/of defekte en/of uitgebrugde voorafbetaalde en konvensionele elektrisiteitsmeters sal vervang.

VF Plus Raadslid Phillip van der Merwe verduidelik hieronder, omdat daar heelwat onsekerheid onder verbruikers bestaan, wat sommige aspekte van die omvang en impak van die ooreenkoms is.

Ter agtergrond meld hy dat Cigicell deel vorm van die Blue Label Telecoms Limited Groep, 'n maatskappy wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is en landwyd betrokke is by invordering van voorafbetaalde kragverkope namens beide Eskom self en ongeveer 93 munisipaliteite. Die maatskappy besit ook 'n 45% aandeel in die selfoongroep CELL C.

**Cigicell sal kragtens die ooreenkoms onder andere die volgende prestasie lewer:**

1. Daarstelling van meer en effektiewer kragverkooppunte wat sal insluit dat verbruikers krag by formele en informele handelaars sal kan koop. Verder sal krag ook per selfoontoepassing by instansies soos banke gekoop kan word.

Een voordeel vir Ngwathe met hierdie reëling is dat Cigicell self die risiko van wanbetaling deur sy kontrakteurs dra.

Ngwathe het in die verlede verliese gely waar kragverskaffers nie die munisipaliteit betaal het vir kragvoorraad wat aan hulle gelewer was nadat hulle dit verkoop het nie.

'n Tweede voordeel is dat verbruikers wie se krag op 'n ongeleë tyd, bv laataand, mag opraak per selfoon op Cigicell se risiko 'n klein noodvoorraad krag as voorskot kan bekom, die koste waarvan dan verhaal word wanneer die verbruiker sy volgende kragaankope doen.

2. Gratis meteroudit by groot kragverbruikers. Die doel hiervan is om te bevestig dat grootmaatverbruikers volgens die korrekte tariewe aangeslaan word. Ngwathe is tans nie in staat om diesulke verbruikers ooreenkomstig Eskom se "time of use" tariewe, waarvolgens krag meer kos in piektye, aan te slaan nie. Die doelwit is om uiteindelik alle groot verbruikers se tariewe in lyn te bring met Eskom se tariewe aan die munisipaliteit en om hulle te voorsien van meters wat lesings tydens die gedifferensieërde tarieftye kan neem en registreer sodat vir verbruik betaal word ooreenkomstig die tarief vir die tydgleuf waarin dit gebruik was.


3. Gratis meteroudit van kleinmaatverbruikers. Eerstens is die doel hiervan om defekte/uitgebrugde meters op te spoor en te vervang sodat boetes waar toepaslik gevorder kan word en verbruikers verplig kan word om te betaal vir die krag wat hulle verbruik. Die verdere doel hiervan is om te verseker dat elke verbruiker aangeslaan word teen 'n tarief wat op sy opset toepaslik is. In al die dorpe in Ngwathe is daar huise wat omskep is in besigheidspersele waarvan baie steeds teen huishoudelike tariewe betaal vir krag en ander dienste. Hierdie verbruikers moet geïdentifiseer word sodat hulle korrek vir dienste aangeslaan kan word.

4. Skuldinvorderingshulp. Kragverkope deur Cigicell word so gestruktureer dat aankopers wie agterstallige skuld by die munisipaliteit het met elke aankoop 'n deel van die koopprys afstaan wat aangewend word om diesulke agterstallige skuld te delg. Tans word so 'n verbruiker, wie bv R100,00 se krag koop, slegs van R60,00 se krag voorsien terwyl R40,00 aangewend word op die uitstaande skuld (wat nie tot elektrisiteit beperk is nie). Raadslid van der Merwe sê dat Ngwathe al voorheen soortgelyke maatreëls probeer toepas het, maar weens administratiewe probleme, sonder sukses. Hy glo dat Cigicell wel in staat sal wees om die maatreël effektief te bestuur.

5. Bestryding van kragdiefstal. Die nuwe meters wat Cigicell op die langtermyn reg-deur Ngwathe sal installeer sal eerstens 'n waarskuwing aan Cigicell stuur sodra gepoog word om daarmee te peuter sodat optrede onmiddelik kan volg. Die meters sal ook data versamel van elke verbruiker se aankooppatrone en sal eweneens 'n waarskuwing stuur, wanneer wesenlik van 'n gereelde aankooppatroon afgewyk word, sodat ondersoek na die rede vinnig gedoen kan word. Die meters sal ook nie met krag gekoop van sogenaamde "ghost vendors" gevoer kan word nie.

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

TATA HEILBRON

VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!
NOU OOP VIR BESIGHEID!

TATA HEILBRON

# *HEILBRON* Kliniek



Heilbron Kliniek ondergaan tans verbeteringe deur verbouings en verbrekings wat gedoen word. Dit gaan vir die volgende paar maande baie deurmekaar wees by die kliniek, maar dit is tot voordeel van hulle pasiënte. Die wagkamer en ontvangs is onder konstruksie en gaan vergroot word. Verder word die vertrekke uitgeverf, nuwe teëls word gelê en die vensters kry blinders. 'n Verdere vier afdakke vir voertuie is opgerig en die dak en pallisade is reeds netjies geverf. Die kliniek gaan ook binnekort met 'n addisionele stoorkamer spog. Herstelwerk word aan die veiligheidshekke gedoen om dit weer in behoorlike toestand te kry. Daar word beplan dat die projek teen einde September 2019 voltooi sal wees. Pasiënte is steeds baie welkom om die kliniek te besoek en word versoek om geduldig te wees tydens die verbeteringsproses - Heilbron Kliniek funksioneer steeds voluit.



*Op die foto's bo dele van die Kliniek is afgesper vir herstelwerk.*



*Heilbron Kliniek ontvang steeds pasiënte. Op die foto bo van die pasiëne en personeellede.*

# Aandag alle ouers!

*• Heilbron Kliniek*

Na aanleiding van TB uitbraak in Koppies en Parys skole wil ons die ouers bewus maak van moontlike TB simptome.

**KINDERS MET TB SIMPTOME**

• Hoes vir meer as 2 weke sonder verbetering met behandeling.
• Aanhoudende koors vir 2 weke en meer.
• Onverklaarbare gewigsverlies.
• Uitputting (Altyd moeg).
• Nagsweet - deurdrenkend.

Kontak die naaste kliniek indien enige van hierdie simptome waargeneem word.

# Teenage Pregnancy?

*• Heilbron Clinic*

**WHAT IS TEENAGE PREGNANCY?**

Teenage pregnancy is the condition of a girl falling pregnant between the ages of 13 and 19. It is important to note that the age of the father doesn't count, teenage pregnancy is determined only by the age of the mother. If a young woman aged 17 falls pregnant, it doesn't matter whether the father is also 17 ears old, or 27 or 47 or any other age - it is still a teenage pregnancy.

**WHY DO TEENAGERS FALL PREGNANT?**

• My boyfriend told me that I couldn't get pregnant the first time I had sex, and I believed him. Now I know how wrong he was, but I can't undo my mistake.

• Nobody ever told me about pregnancy. I didn't know what contraceptives are, how they work, or why they are necessary.

• I wanted to fit in with my friends. They were all having sex with their boyfriends, I thought I'd be more popular if I did it too.

• Nobody at my school thought of me as a pretty girl. When a boy noticed me and made me feel special, it felt so good I didn't even think twice when he asked me to have sex with him.

• My boyfriend and I got drunk, I know I should have used a contraceptive, but it didn't seem to matter while I was drunk. Now I'm paying the price of those drinks.

• I was raped by my uncle when I was fifteen. I was so ashamed, I didn't do anything about it and didn't tell anybody.

• It's easier for city girls to avoid falling pregnant. We live in the rural areas, there are no clinics nearby to supply us with contraceptives.

• My boyfriend and I were just playing around. I never meant it to go any further than just kissing. Then it just happened so fast that I couldn't think properly.

• I was scared that my boyfriend would leave me. I thought that if I fell pregnant he'd stay with me and we'd become a family.

• My parents and I fought a lot about my boyfriend. He said that I should move out of home, and we could live together and be independent. When I fell pregnant, I thought he'd be there to support me. Instead, he left me. He has never even seen our baby.

• My parents said I had to bear a child to prove my fertility.

• Important but painful decisions - What are you going to do about the baby? How will you tell your family and friends?

• Medical risks - What if the baby is born very early or very small, or has birth defects?

• Only around 50% of girls who fall pregnant before age 18 go on to finish school. What about your career plans and life goals?

• The mother is often rejected by family and friends.

• Unwanted teenage pregnancy often causes feelings of disappointment, anger, depression, loneliness, anxiety and insecurity for the mother. Can you cope with these negative feelings?

• The suicide rate for pregnant teenagers is ten times higher than for other groups.

• The teenage mother often doesn't have the skills or resources to look after the child, and often has to give it over to others for care.

The new of unwanted teenage pregnancy is often met with denial, shock, disbelief and crying. The pregnant women may consider not telling anybody hiding away, even committing suicide. The best way to deal with the problem is not to run from it, but to confront it and deal with it as calmly as possible.

You will need to tell your family, friends and the father of the baby. Remember that this news will be a shock to everybody. Very often, reactions focus on how the pregnancy happened. The past cannot be changed now, so you should focus instead on the future - what are you going to do about the baby? It is a time of difficult questions and decisions. Panic or fighting will only make these decisions harder. It is in everybody's best interests to stay calm, discuss the options, and come up with the best solutions for your case.

So what options are open to you? There are several:

**MARRIAGE**

This could be done by mutual agreement with the father, and for the sake of the child. Sometimes it is done for financial reasons, or is forced on the couple by the parents. It can lead to problems, like missing out on opportunities, a feeling of being trapped in the marriage, or an unstable or unhappy home. These problems may lead to divorce.

**SINGLE PARENTHOOD**

This means raising the child on your own. This happens if the father is not ready or willing to share responsibility for the child, or denies being the father. Although single parenthood will not trap you in loveless marriage, it is also very difficult to raise a child without the support of the father.

**ADOPTION**

This means giving the baby up to a welfare organisation for permanent placement with another family. Adoption is often chosen by a mother who wants to start a new life, rebuild her future and give the child a better chance with a stable family. However, many young mothers feel guilty for making such a decision.

**FOSTER CARE**

This means placing the child with a welfare organisation or another family until you are older and more responsible to raise the child. This option allows you to keep the child, but delays your responsibilty for the child until you are in a better position to care for it.

**FURTHER LEGAL ISSUES CONCERNING PREGNANCY**

**CONTRACEPTION**

You are legally allowed to obtain contraceptives, even those that must be medically supervised, without your parents' consent.

**STATUTORY RAPE**

Sex with a person under the age of 16 (heterosexuals) and 19 (homesexuals) is called statutory rape and is punishable with a sentence of up to 6 years in prison, with or without a fine of up to R12 000.

**HIV TESTING**

If you are 14 years of age or older, you can decide to have an HIV test. If you are younger that 14 years, you will need the consent of your parents.

**MARRIAGE**

At 18 years or older, you do not need parental consent to get married.

**ADOPTION**

If you decide to give up a baby for adoption, then you must sign the legal papers authorising the adoption, irrespective of your age. No parental consent is needed.

**WHERE TO FIND HELP**

For more information about teenage pregnancy, feel free to talk to:

• Your parents
• Life orientation/guidance teachers at school
• Health care workers
• Educators

Or you can contact your nearest:

• Clinic
• Health centre
• Hospital
• Pharmacy
• Department of Health
• Non-governmental Organisations (NGOs) that deal with teenage pregnancy.

For more information on pregnancy and HIV and AIDS, please contact your nearest clinic.



# AANSTEEKLIK



My vriendin, Janie Smit (ek het haar naam verander *to protect the innocent*), se tweeling kry hulle MMR inspuiting. Hierdie inspuiting word aan babas gegee teen masels, pampoentjies en Duitse masels (rubella). **DIE MEDIESEFONDS MOET DAARVOOR BETAAL.** Na 'n paar dae bel die mediesefonds en vra of al hierdie kinders haar eie persoonlike kinders is, want hulle het vir Jans en Estie op die boeke, en volgens hulle is Jans en Estie 'n tweeling. Maar hier is 'n ander persoon vir wie daar nou geëis word wie hulle nie ken nie. Hulle het geen idée wanneer Rubella Smit gebore is nie.

My boet en skoonsus het vir 'n tyd in 'n land in Wes-Afrika gewoon. Hy het suikerriet aangelê en sy was 'n tuisteskepper. Omdat sy ook 'n gekwalifiseerde verpleegkundige is, het sy besluit om die plaaslike kliniek te besoek om te gaan handgee.

Die ouers bring hulle babas getrou na die kliniek toe vir hulle MMR inspuiting. Die klinieksuster haal dan die entstof uit die yskas, maak die baba se armpie skoon met alkohol, spuit hulle in en gooi die spuitnaald weg soos wat van haar verwag word.

**HOEKOM WAS DAAR DAN 'N KLEIN UITBRAAK VAN MASELS IN DAARDIE OMGEWING?** Want die yskas was glad nie ingeprop nie, want daar was nie elektrisiteit nie.

'n Jongeling vertel my vroeg in hierdie jaar dat geen kind ooit vir 'n MMR-inspuiting mag gaan nie, want dit is een van die oorsake van outisme. Jy het dit ook dalk gehoor. Maar hulle het nooit die repliek op hierdie navorsing, wat in 1998 gedoen is, gelees nie. Volgens die BMJ (British Medical Journal) was hierdie studie nie net swak wetenskap nie, maar bedrog. Die studie is teruggetrek, en die navorser, Andrew Wakefield, tesame met sy medenavorsers, se mediese lisensies is teruggetrek.

Die VSA was onlangs in die nuus omdat daar 'n maselsuitbraak was, as gevolg van die studie. Wat hulle uit die oog verloor is dat die kinders nie net self masels kry nie, maar hulle steek ook hulle vriende by die skole aan, en op hulle beurt steek hulle weer die ouers aan. Ouers neem meer siekverlof en die ekonomie verswak. Asof dit nie erg genoeg is nie, word grootmense baie sieker van kindersiektes as babas.

Wat nog erger is, is die manier hoe ons mekaar aansteek. En nie met biologiese siektes nie.

**ONLANGS MOES EK IETS VIR 'N GROOT GROEP TIENERS DOEN.** Alles was klopdisselboom: die aanbieders was voorbereid, slaapplekke gereël, lokale en fotostate gereed. Ouers het vooraf plek bespreek en daarvoor betaal. Hulle het roosters gekry en is ingelig aangaande die tydsduur van elke aktiwiteit. Ek het selfs 'n assistent gehad wat my gehelp het om aan elkeen te verduidelik wanneer hulle waarnatoe moet gaan. 'n Week voor hierdie gebeurtenis het ek die reëlings aan hulle gestuur.

Ons begin die oggend vroeg, en ons rangeer elkeen na sy eie aktiwiteit toe. Met die volgende aktiwiteit help ons weer. En die dag vorder vinnig.

Later die middag staan een groep se bussie naby waar daar 'n ander groep tieners besig is. Ek stap nader en vra hulle om die musiek wat doefdoefdoef uit die vensters ontsnap, sagter te draai omdat dit steurend is.

Die volgende dag kry ek vier klagtes per e-pos: verskeie klagtes word geopper.

**DIT WAS CHAOS, VOLGENS EEN MAMMA. HAAR DOGTER HET NIE GEWEET WAARHEEN OM TE GAAN NIE.** En sy (wat mamma is) het gedog die hele span gaan in 'n ouditorium toegespreek word, en hoekom is die aktiwiteite so lank en vir wat het hulle nie 'n ete nie. O ja, die fasiliteerders is sommer *random teachers* wat uit die lug gepluk is om ekstra geld te kom verdien. En sy vra dat haar geld terugbetaal moet word.

Ek voel hoe my Swanepoelbloed in my are bruis. My genetiese predisposisie vir hoë bloeddruk maak my dankbaar dat ek vanoggend my medikasie afgesluk het.

Ek reageer op haar e-pos: op elke paragraaf van valse beskuldigings gee ek vir haar die korrekte inligting, en verduidelik wat die regte situasie is. Ek voel my bloed klop-klop in my kop.

Twee e-posse later kry ek nog 'n klagte met dieselfde strekking. En nog 'n e-pos en nog ene. Dit klop nou al hoe erger.

En toe sit ek die kloutjie by die oortjie: al die klaers se kinders was in dieselfde bussie en hulle is stilgemaak oor die doefdoefdoef. En dit is dieselfde kinders wat hulself uit een van die aktiwiteite verskoon het om eerder onder die bome te gaan lê en ander om te gaan rook.

Nadat ek die e-posse *geflag* het vir latere reaksie, kry ek drie kinders op die stoep en vra hoe hulle dag was. Hulle glimlag van oor tot oor en vertel hoe lekker dit was. 'n Fasiliteerder vertel my van 'n e-pos wat sy van een van die kinders gekry het om haar te bedank vir al die moeite wat sy gedoen het.

En ek sit die volgende kloutjie by my eie persoonlike oortjie: dis aansteeklik. Die kinders het mekaar negatief gemaak, die ouers van die negatiewe kinders het aangesteek en nou is almal geïnfekteer. Ek dink dit is bloot omdat hulle eerder wou laat slaap as om saam met ons te werk.

**EN DIE OUERS GLO DIT, SOOS WAT HULLE DESTYDS DIE STUDIE OOR MMR EN OUTISME GEGLO HET, WANT ONGELUKKIG GLO DIE OUERS EERSTE DIE KINDERS.** Dit is 'n gegewe. Toe ons kinders was, was dit die teenoorgestelde: wanneer ek by die huis sou kom met 'n storie, het my gryse ou vader dit dadelik afgemaak as onsin.

Hoeveel keer het jy al eerder die maklike pad gevolg en iemand se bog geglo, eerder as om oor die waarheid navraag te doen? Want om die waarheid te weet is nie altyd wat jy wil hoor nie.

Die bussie vol van die stout tieners het my sommer omver gegooi.

Maar die vraag bly nog: wie glo jy?

Want stories is aansteeklik.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Biddag vir Alkoholiste (Vrystaat)**
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)
Sin Kol: Jeugbedieninge / Blok 5

**NG SUID**
**Biddag vir Alkoholiste (Vrystaat)**
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 7 & 1

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Biduur Dinsdae om 10:00 /Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

# Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker Dienssentrum vir Bejaardes Reitz**

**Program vir week**

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**

*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.

**THINGS MONEY CAN'T BUY:**

1. MANNERS
2. MORALS
3. RESPECT
4. CHARACTER
5. COMMON SENSE
6. TRUST
7. PATIENCE
8. CLASS
9. INTEGRITY
10. LOVE

# GEKLASSIFISEERD
Smalls

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Lizzy** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 22 Junie | 1 / 18 | Sonnig |
| So 23 Junie | -2 / 14 | Sonnig |
| Ma 24 Junie | -2 / 17 | Sonnig |
| Di 25 Junie | 1 / 19 | Sonnig |
| Wo 26 Junie | 2 / 19 | Sonnig |
| Do 27 Junie | 0 / 20 | Sonnig |
| Vr 28 Junie | 2 / 19 | Gedeeltelik bewolk |
| Sa 29 Junie | 0 / 19 | Sonnig |
| So 30 Junie | 0 / 19 | Sonnig |
| Ma 1 Julie | 1 / 20 | Sonnig |
| Di 2 Julie | 1 / 20 | Sonnig |

## KENNISGEWING

### KENNISGEWING

In die boedel van wyle **ANNA BERNADINA VILJOEN,** Identiteitsnommer: 430919 0020 082, 'n pensioenaris, in lewe woonagtig te Huis Emily Hobhouse, 5de Straat 6, Koppies, Vrystaat.
**Boedelnommer: 5782/2018**
**Datum van afsterwe: 11 Februarie 2018**
Alle persone met vorderinge teen bogemelde boedel moet dit binne 30 (Dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by die betrokke Eksekuteur(s) inlewer.
Geteken te Vereeniging op hierdie 14de dag van Junie 2019.
**(GET) LW VAN WYK**
**DE KLERK, VERMAAK & VENNOTE ING.**
**(PROKUREUR VIR EKSEKUTEUR)**
**1STE VLOER, ORWELL PARK - BLOK 3**
**ORWELLRYLAAN, DRIE RIVIERE**
**VEREENIGING**
**POSBUS 338, VEREENIGING, 1930**
**TEL:016 454 0222**
**VERW: LW VAN WYK/RA/L02456**

## DIENSTE

**BAAL VAN OESRESTE**
Baal van mielie-reste of bone.
Petrus Steyn, Heilbron, Frankfort en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

SPESIALE AANBIEDING
**WYNAND RABIE HERSTELDIENSTE**
*Vanaf Maandag 18 Junie tot 1 Julie 2019*
*Laat u voertuig diens.*
R200 per diens, indien eie onderdele voorsien word. Arbeidskostes beloop R200 per uur.
Elke 11de kliënt se diens gratis. *Laptop* diagnose gratis met elke diens. Indien diagnose enige probleme oplewer, sal dit bespreek word. Werkswinkel is geleë agter ou Kommando kantoor.
**Skakel vir afspraak Wynand 084 250 8060 of Raymond 079 582 5066**
K1675

HEILBRON KLINIEK
Griepspuite nou beskikbaar by kliniek.

*Ons hoor graag van jou*
Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.

## JAAR-BEPLANNER

**AUGUSTUS**
*2-3 Boeretreat*
*21 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

**SEPTEMBER**
*18 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

**OKTOBER**
*12 SPAR-Gholfdag*
*23 Huis-en Tuinbouklub vergadering*

## BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON
***PLEK: N.G Kerksaal (Suid)***

- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019 (Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en lang naweek).
- 26 November 2019




**TUPPERWARE TE KOOP**
Vir bestellings kontak
**Jolandri 079 846 1075**

## ROLSTOEL PROJEK
Kom help ons om bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

## TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by**
**Magda Bierman 083 292 1503**

**T800 EXECUTIVE VISITORS CHAIR IN BLACK BONDED LEATHER.**
**Bright Aluminium Frame**
**- R2 995 Vat included. 3 year warrantee excludes normal "wear & tear" - *While stocks last.***



Herald
**Elsstraat 44**
**Heilbron • 9650**
**Tel: 058 852 3033**
**E-Pos: john@heilbron.co.za**
Office National

**BESIGHEIDSURE**
**MAANDAE TOT DONDERDAE -** 07:30 tot 17:00
**VRYDAE -** 07:30 tot 16:30
**SATERDAE -** 08:30 tot 13:00

*Verskeidenheid A3, A4 en A5 rame nou beskikbaar.*

**Elsstraat 44 • Heilbron • 9650**
**Tel: 058 852 3033**
**E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za**
Herald Office National

**Spertyd vir Vrydae se Herald artikels & advertensies is Woensdae om 10:00.**
**Vir enige advertensies en artikels kontak Jolandri by 058 852 3033**

## EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
*Vir die beste transaksies en diens*
**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**

## TE KOOP




VEILINGSENTRAAL



Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

*Koopkrag gewaarborg*
Kontak ons bemarkers

**P.J. MÜLLER**
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker



**CORJAN DE JAGER**
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside



**FANIE VAN DER MERWE**
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville



**DAVID GERBER**
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn



**GERHARD HARTMAN**
082 550 2054
Villiers
Grootvlei



**HUGO GROENEWALD**
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville



**IAN GROBBELAAR**
060 965 6207
Afslaer



# U EEN STOP WINKEL
**BESIGHEIDSURE**
**Maandae tot Donderdae:** 07:30 tot 17:00 | **Vrydae:** 07:30 tot 16:30 | **Saterdae:** 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.
***Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.***

**Elsstraat 44 • Heilbron | Tel: 058 852 3033 | Faks: 058 853 0140**
**heraldnuus@heilbron.co.za**
Herald Office National

**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

CH Tombstones & Granite Works
VAKANTE POS

**VEREISTES:**
- Bestuurslisensie
- Moet kan *weld* en staalwerk doen
- Algemene herstelwerk en onderhoud kan doen. (Masjiene, geboue & voertuie)
- Elektriese handtoerusting kan regmaak (*Grinders, Polishers,* bore ens.)
- Personeel bestuursvaardighede & goeie menseverhouding

Salaris onderhandelbaar na aanleiding van kwalifikasie en ondervinding.

**Stuur CV's na chtombstones@gmail.com of faks na 086 402 4908 voor of op 29 Junie 2019**

Sel: 082 318 8299 | Ringerstraat 14, Heilbron




# Mej Jnr Tiener Vrystaat





*Op die foto bo Leandri Fourie oorhandig bedsokkies aan Helené Howell van Huis Bron-van-Heil.*

Vir Leandri Fourie, 'n 14 jarige leerling van Hoërskool Heilbron, is dit 'n groot eer om met die titel Mej Jnr Tiener Vrystaat 2019 te kan spog. Sy het op 15 Junie in Bloemfontein gaan deelneem aan die Mnr & Mej /Mev Vrystaat 2019 toe sy as Mej Jnr Tiener Vrystaat 2019 gekroon is. Sy wen ook die volgende kategorieë: "Public choice Miss Teen award", "Overall Public Jnr Choice award", "Debutante Jnr Award", "Senior Ladies Photogenic award" en die "Philanthropist award". Leandri het vir twee maande lank elke week in Frankfort klasse by Mev Petronel Swart, voormalige Mev Vrystaat 2017 bygewoon. Swart het haar gehelp met voorbereiding vir hierdie strawwe kompetisie. Om te kon deelneem kom nie sommer vanself nie. Leandri moes reeds vooraf by gemeenskapsprojekte betrokke wees.

Deel van haar gemeenskapsprojekte was die bedsokkieprojek waar sy 28 pare bedsokkies aan inwoners van Huis Bron-van-Heil uitgedeel het. Verder is sy ook betrokke by klere insamel vir minderbevoorregtes. Sy was ook verplig om borge in haar gemeenskap te versamel wat sy tydens die kompetisie moes oorhandig. Hierdie borge is dan uitgedeel aan behoeftige persone. Leandri het met hierdie dade vir haarself punte verwerf wat deel was van haar kroning. Vroeg die oggend van die kompetisie moes elke finalis onderhoude doen met vier beoordelaars, hiervolgens is nog punte gewerf. Saterdagaand het die modelle teen mekaar meegeding op die loopplank, waarna Leandri die een na die ander skoonheidstitel ingepalm het. Hierdie nuwe titel wat sy nou vir 'n jaar lank moet dra vereis steeds van haar om in haar gemeenskap betrokke te wees. Leandri gaan op 27 Julie 2019 aan Mej Welkom in Welkom gaan deelneem vir KANSA, sy is reeds as 'n finalis gekies. Sy noem tydens 'n onderhoud aan die Herald dat sy baie leer tydens hierdie geleenthede, dit is verseker 'n veld waarin sy belangstel en nog baie wil ondersoek.

*Foto erkenning: Dawie Fourie Fotografie*

**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203)**

**ANNUAL BUDGET 201920**

The **Municipal Budget for the financial year ending 30 June 2020** is hereby published in accordance with Chapter 4, Section 22 of the Municipal Finance Management Act, Act No. 56 of 2003.

In view of the aforementioned, the following table is a consolidated overview of the proposed 2019/20 Medium- term Revenue and Expenditure Framework:

**Table 1 Consolidated Overview of the 2019/20**

| R thouands | Actual Budget 201819 | Adjusted Budget 201819 | Budget year 2019/20 | Budget year 2020/21 | Budget year 2021/22 |
|---|---|---|---|---|---|
| Total Operating Revenue | 703 073 | 703 073 | 791 221 | 828 156 | 879 884 |
| Total Operating Expenditure | 835 706 | 835 706 | 834 605 | 869 402 | 921 034 |
| Surplus/(Deficit) for the year | - 132 633 | - 132 633 | - 43 384 | - 41 246 | - 41 150 |
| Total Capital Expenditure | 102 163 | 102 163 | 143 590 | 142 891 | 173 129 |
| Total Capital Revenue | 102 163 | 102 163 | 108 872 | 125 891 | 156 129 |

Total operating expenditure for the 201920 financial year amounts to **R 834 million**, the total Revenue amounting to **R 791 million** and translates into a budgeted deficit of **R43.3 million** (this is due to including non-cash items, amounting to **R91 million** ). The total Capital budget for 2019/20 financial year amount to **R 143 million,** based on the **R108 million** funded by grants and **R34 million** internal funding.

**The Council of Ngwathe Local Municipality, on the 31st May 2019, approved the Budget 201920- 2021/22**

The copy of the budget adjustment is available on the municipal website.
www.ngwathe.fs.gov.za

**Enquiries can be directed to:**

**Bruce Kannemeyer**
Municipal manager
jordaanr@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

**Hopolang Lebusa**
Chief Financial Officer
hopolang@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

Themba Mpindo
Budget and Expenditure Manager
mpindo@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700



# Só wen jy 'n wêreldbeker kriekettrui

## Besoek Buffalo Valley Spur en wen

Heilbron manne en vrouens, al wat jy nodig het om te doen is om 'n spesifieke alkoholise verversing by Buffalo Valley Spur in Heilbron te gaan drink, jou Spur familiekaart te "swipe" en siedaar, jou naam is in trekking vir 'n kans om 'n Castle Draught wêreldbeker kriekettrui te wen. Spur het 'n aantal van hierdie truie om weg te gee. So kan jy deelneem: bring al jou vriende en kom geniet 'n 500ml Castle Draught. Moenie vergeet om jou Spur familiekaart te gebruik of die Spur Family App om jou kans te verseker om in aanmerking te kom vir 'n trui nie.

Daar sal vir die volgende vyf weke 'n paar truie weggegee word. Wie is volgende om te spog met hierdie groen en goue trui? Koop volgende week die Heilbron Herald en vind uit.



*Op die foto bo is die eerste week se wenners: Terence Cunninghum, Marisa van Rooyen, Christa Kruger en John Mokgobom. Annette Myburgh was ook deel van die wenspan maar afwesig tydens die neem van die foto.*

# *MISDAAD*verslag

• Goeie arrestasies is die afgelope naweek deur Heilbron SAPD gemaak. Vier verdagtes, afkomstig van Malawi is Vrydag, 14 Junie gearresteer nadat hulle probeer kontant roof het. Die diewe het op vlug geslaan nadat die roof misluk het. Luitenant-kolonel Mokhethi het die verdagtes in 'n Toyota Surf opgemerk en hulle met sy privaatvoertuig agterna gesit. Hy het hulle later opgespoor en gearresteer. Die verdagtes is onwettig in Suid-Afrika sonder enige paspoorte. Die voertuig waarmee hulle gevlug het, is as gesteel aangemeld in Empangeni.

• Saterdag, 15 Junie is 'n minderjarige gearresteer vir gewapende roof. Die roof het plaasgevind tussen Sandersville en Phiritona woonbuurt nadat 'n man met 'n beweerde vuurwapen geroof is. Na verdere ondersoek is gevind dat dit 'n speelgoed geweer was. Die minderjarige verskyn vandag in die hof.

• Twee verdagtes het omstreeks 23:00, 15 Junie toegang deur Exact se dak tot binne die gebou verkry. Dit is steeds onbekend watter inhoud alles gesteel is. Daar is geen videobeelde in hierdie verband nie. Enige inligting kan aan Heilbron polisie deurgegee word wat kan help met die arrestasie van die skudiges.




# Grondeienaars moet betyds voorsiening maak

*• Heilbron Landbou*

Dit is alweer wintertyd en ongelukkig die tyd waarin veldbrande ontstaan. Boere/grondeienaars moet asseblief vroegtydig voorsiening maak om voorbrande, brandpaaie ens. te maak om die risiko te verminder.

(Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998 (Wet No 101 van 1998)

Maak ook seker dat daar rondom werkershuise en ander geboue waar brande kan ontstaan, voorsorgmaatreëls getref word om brande te voorkom.

Versuim om gehoor te gee aan die bepalings van die Wet kan aanleiding gee tot siviele aanspreeklikheid.

**Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033**
**E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 9 | | | | 7 | 5 | | 4 |
| | 4 | | | 9 | | 2 | | 3 |
| 2 | | 6 | 4 | 3 | | 1 | | |
| | | 2 | | | | | 7 | |
| | 6 | 4 | | | | | | |
| 9 | | | | | | 3 | 2 | |
| | | | | | | | 5 | |
| 4 | 1 | | | 2 | | 9 | | |
| | | | 1 | 8 | 3 | | 4 | 2 |

**SUDOKU** - *Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.*



# SPORTverslag

## Wees daar vir KANSA

Môre word die plaaslike uitdun van die Nasionale Sanlam KANSA-dag op Heilbron aangebied. Spelers het hierdie geleentheid om hulle kant vir KANSA te bring en in ruil kan hulle meeding in die nasionale kompetisie. Inskrywings is R200 en jy kry ook 'n halfweg-ete. In elke afdeling is daar drie pryse, ook vir die dames wat speel. Spelers wat nog nie ingeskryf het nie kan by die klub inskryf, afslaan is van-af 11:00.



*Jackie Leonard*

Die naweek se kompetisie is deur Jackie Leonard met 38 punte gewen en Julyan Bruyns was tweede met 38. Maandag se vakansiedag het John Watson die beste gevaar met 37 punte en Jerry Nhlapo was tweede met 34.

Die klub se huidige dubbele klubkampioen, Jackie Leonard is gekies vir Oos-Vrystaat gholf. Die Oos-span speel later in die provinsiale super-liga teen ander streke van die Vrystaat.

Die Bokke-naweek is volgende Vrydag en Saterdag en spelers moet vroegtydig inskryf vir die dag, besonderhede vir navrae is op die betrokke advertensie.




Six-A-Side Cricket Tournament

Date: 29th June 2019
Venue: Hoërskool Heilbron

Winning Team: R2 000 cash

8 Teams allowed
Registration fee: R600 per team.
8 Players allowed per team

Tournament starts at 08:00.

**Contact Lourens 081 049 5504 or Pieter 079 931 1092**

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

## Zenith se jongduiwe is kookwater

Verlede Saterdag se wedvlug was vanaf Bloemfontein oor 270km. Daar het 'n ligte suidooste wind gewaai en die duiwe het vinnig huis toe gekom teen 'n gemiddelde spoed van 84 kpu.

Zenith se jongduiwe is kookwater en het die 1ste wedvlug gewen. Frik Viviers se ope duiwe het die toon aangegee.

**Bloemfontein JO**
1. Zenith B, 2. Zenith B, 3. Zenith B, 4. D Els, 5. Stemmett Hokke, 6. Crause & Seun, 7. Zenith A, 8. Zenith A, 9. Zenith A, 10. Zenith A.

**Bloemfontein Ope**
1. F. Viviers, 2. F. Viviers, 3. Zenith A, 4. F Viviers, 5. D. Els, 6. D. Els, 7. Zenith B, 8. F. Viviers, 9. F Viviers, 10. F. Viviers.

*Op die foto onder en regs: Duiwe wag vir die Vaal Posduif Unie se trok om hulle te kom oplaai.*






BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 25 JUNIE 2019
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

WOENSDAG - 26 JUNIE 2019
MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Lukas Steenkamp 082 070 5992
SCHWEIZER RENEKE : CORALTA SAVM STOET
300 SAVM skape
11:00, plaas Coralta, Schweizer Reneke
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

DONDERDAG - 27 JUNIE 2019
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Eddie Muller 082 926 2219
THEUNISSEN : LEEUWBULT BONSMARA
100 Vroulike diere en 16 SP bulle
11:00, plaas Whitfield, Theunissen
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

VRYDAG - 28 JUNIE 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
BKB LOUWID